# Die Byekorf



**2017/08/02** **Standerton Akademie**

**24/17**

Geagte ouers



**Bybelkennis**

Baie geluk aan die volgende leerlinge wat so puik presteer het met die finale rondte Bybelkennis. Die uitslae was as volg:
Elré Labuschagne - 2de plek Graad 5
Anke Janse van Rensburg – 3de plek Graad 4
Maritz Hancke – 4de plek Graad 6



**Krieketproewe**

Dankie aan ons ouers wat die seuns vergesel het na hul amptelike eerste krieketproewe. Geluk aan die volgende seuns wat verkies is tot die span: Ethan Pretorius, Stian Pretorius en Daniel Roberts.

**SANESA Perdry**

Geluk aan die volgende leerlinge met hul puik prestasies tydens die afgelope naweek se perdrykampioenskappe:

- Danje Pretorius – behaal 6 eerste plekke.
- Nicolette van der Merwe – behaal 1 vyfde plek, 2 sewende plekke en 1 agtste plek.
- FJ Lötz – behaal 3 eerste plekke en 1 derde plek.
- Inge van der Linde – behaal 3 negende plekke.
- Johanco Griesel – behaal 1 eerste plek, 1 tweede plek, 1 vierde plek, 1 sesde plek, 1 sewende plek en 1 agtste plek.
- Klara van der Linde – behaal 1 vyfde plek, 1 sesde plek, 1 sewende plek en 2 agtste plekke.
- Zené Griesel – behaal 2 eerste plekke, 3 tweede plekke en 1 vyfde plek.
- Elrie Lötz – behaal 2 eerste plekke, 1 derde plek, 1 vierde plek en 1 sesde plek.
- Alma Hipkin – behaal 1 eerste plek, 1 derde plek en 2 vierde plekke.
- Linette Hipkin – behaal 1 vierde plek en 3 vyfde plekke.



**Ouerinligtingsvergadering asook Gromar inligtingsaand**

Alle ouers van ons skool word uitgenooi om die ouerinligtingsaand asook Gromarinligtingsaand op 16 Augustus 2017 by die skool by te woon om 18:00. Tydens hierdie aand besoek die Hoofuitvoerende beampte van BCVO, mev. Lucia van Wyk, ons skool om sommer in die algemeen te praat oor hoe dit in ons beweging gaan, waar lê ons met ons standaard en hoe lyk die toekoms ook vir ons skool. Meer inligting rondom IEB sal ook aan u deurgegee word. Tydens hierdie aand sal Hoërskool Gromar ook met ons ouers praat en meer inligting verskaf rondom hoërskole.

**Kultuurfees – 5 Augustus 2017**

Sterkte aan al ons leerlinge wat eerskomende Saterdag deelneem aan die Kultuurfees te Lydenburg. (Sien padkaart op D6.)

**Gongskietdag – 5 Augustus 2017**

Daar is nog steeds enkele plekke oop vir hierdie dag. Ouers wat nog steeds wil inskryf of iemand ken wat nog wil deelneem kan u gerus u name by Daleen inhandig. Kostes beloop R350 per skut en moet voor Vrydag ingeskryf word. Sterkte aan almal wat deelneem en die reëlings. Hierdie dag beloof om soos in die verlede 'n reuse sukses te wees.

**Andries Vermeulen – 19 Augustus 2017**

Kaartjies te koop teen R200 per persoon. Kinders is ook welkom om hierdie geleentheid by te woon teen R200 per kind wat dan ook 'n ete insluit.

**Toekomsfonds**

Met een van die afgelope Ouerinligtingsvergaderings is daar op aandrang van die ouers besluit om 'n Toekomsfonds te skep. Hierdie fonds stel ten doel dat ons ouers alle moontlike pogings aanwend en opsies oophou indien daar enige verdere belangrike besluite geneem word rondom die ondersoek na uitbreiding ten opsigte van grond, geboue, instandhouding en die ondersoek na addisionele grade vir ons skool. Ouers wat meer inligting rondom hierdie fonds benodig, is welkom om met Eubus Pretorius te kontak. Die rekening is reeds geskep en ons maak weer die inligting aan u bekend.

Rekening naam: Standerton Akademie vir Christelikevolkseie Onderwys
Rekening nommer: 62697781211
Takkode: 250655
Rekening tipe: Money On Call

**Verjaarsdae**

Baie geluk aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf 2 - 9 Augustus verjaar. Mag die Here u seën.

| Leerlinge | Ouers en Onderwysers |
|---|---|
| 3 Augustus : Cronje Hancke<br>7 Augustus : Liam Kemp<br>8 Augustus : Carel Bester | 7 Augustus : Jaco van der Merwe |

**Belangrike datums ( Volledige lys datums by kalender op D6)**

GROETE
S. Swanepoel